Die make-up van kreatiwiteit



EBEN SMITH

Ds Eben Smith is gemeentepredikant by die NG Kerk Alberton-Suid.

Nataniël: *Moet ek my make-up opsit vir die aand?*
Eben: *Natuurlik, as jy dit nie doen nie, is dit nie meer Nataniël nie. Ek wil mos nou juis Nataniël en sy kuns gebruik in die diens.*
Nataniël (effens verleë): *Goed, dan sal ek dit net liggies aansit soos in die Sarie.*

(Eben in 'n gesprek met Nataniël voor 'n erediens by NGK Alberton-Suid)

Dit was die Skotse teoloog P.T. Forsyth, wat vroeg in die twintigste eeu geskryf het dat God die heelal op so 'n wyse ontwerp het dat die mens deel is van die skeppingsproses. Ons word toegelaat – nee, geroep – om ons kunstenaarsmaskers op te verf en ons kuns, wat dit ookal mag wees, met ons eie unieke *make-up* aan vir mense te wys.

As die teoloog Moltman van kreatiwiteit praat, sê hy: "Die mens speel met die golwe van die see en hulle speel met hom. Die mens speel met kleure, klanke en woorde en ook hulle word sy vriende." Hiermee sê hy dat kreatiwiteit niks anders is as 'n vorm van speel nie. In die bekende rolprent van Katinka Heyns, *Paljas,* sien ons dit ook as die hanswors Manuél, vir die huilende seuntjie sê: "Dit is goed om te huil, maar die lewe is te kort vir trane – kom ons speel liewers." Dan begin die kreatiewe Manuél 'n hanswors-gesig op die seun se gesig verf. In dié toneel sien 'n mens die ontsettende krag van kreatiwiteit as die trane verruil word vir 'n vestingsmuur van kreatiwiteit, speel en lag.

As ons begin speel, word ons weer kind en ontdek ons die wêreld asof vir die eerste keer. Dit is juis die naïewe kind-wees eienskap van kreatiwiteit wat mense in staat stel om as't ware buite die boks te dink. Daar is ook 'n boek in die kunswêreld wat "naïewe" skilder aanbeveel. Dr Betty Edwards, skrywer van *Drawing on the Right Side of the Brain* (J. P. Tarcher; 1989) meen dat die linkerbrein, wat reeds "geleer" het hoe 'n mens 'n stoel se poot of die neus van 'n mens moet teken, inmeng met die kreatiewe regterbrein. Sy beveel daarom aan dat as jy byvoorbeeld 'n stoel reg wil teken, jy nie die stoel self moet teken nie, maar eerder die spasies (of die lugleegtes) tussen die dwarslatte en pote van die stoel moet teken. En as jy 'n mens se gesig teken, draai die foto om en teken die gesig onderste-bo. Hiermee fnuik 'n mens die grense en die reëls wat die linkerbrein opgetrek het van "hoe dinge moet wees" en span jy die naïewe en kreatiewe regterbrein in.

As ons God verstaan, sal ons ook weet dat Hy nie ingeperk kan word in 'n snyerspak met netjies-verpakte reëls van "dit is hoe dit moet wees" nie. Die skrywer Victor Hugo, het gesê dat kreatiwiteit begin as 'n mens opkyk na die kreatiewe God. God se kreatiwiteit nooi ons uit dat ons ook ons grense moet oorspan om wyer oor onsself te dink en te droom as wat ons ooit gedink het moontlik is. Daarom is Christenskap nie soseer reëls wat uitsluit nie, maar eerder 'n ruimte wat insluit. Dit is byna soos die lyne in 'n inkleurboek wat 'n kind uitnooi om in te kleur. God nooi ons om met die kleure te speel en deel te wees van die prentjie waarmee hy reeds begin het. Ons kan daarom nuut dink oor ons lewe en ook oor die kerk. In hierdie opsig sê Leonard Sweet dat die kerk van die 21ste eeu sal moet leer dat sukses nie meer gemeet kan word deur te kyk na begrotings of geboue nie, maar eerder deur te vra na die hoeveel kreatiwiteit en verbeeldingskrag wat die kerk het.

Die filosoof Nietzche sluit hierby aan as hy sê:

The creator seeks companions, not corpses or herds or (mere) believers. The creator seeks fellow-creators, those who inscribe new values on new tables.

Ons word meer as 'n lyk, 'n tropdier en meer as 'n blote gelowige as ons begin skep. Ons word God se kameraad as ons ons eie unieke *make-up* uithaal en begin om stories te vertel, te sing, te komponeer, te skilder, te kook en te bou aan 'n besigheid.

Natuurlik wil God hê dat ons in Hom moet glo en Hom moet liefhê, maar dit is juis as ons saam met Hom begin skep dat ons ons liefde vir Hom by uitstek wys. Ek meen dat God lag en hande klap oor elke mens wat hulle *make-up* uithaal en hulle kreatiewe kuns vir mense uitstal. Ek meen egter ook dat dit Hom veral gelukkig maak as ons spesifiek ons kreatiewe skeppings rig om Hom te verheerlik en te eer. Wanneer laas het jy jou *make-up* vir Hom opgesit?